'n Erediens wat vir God aanvaarbaar is.
Lees Nehemia 8: 2-12
Neh 8: 2 en 9: Die hele volk het soos een man bymekaargekom op die plein voor die Waterpoort en vir Esra die skrifgeleerde gevra om die wetboek van Moses, waarin die bevele van die Here aan Israel opgeteken is, te bring.
Die Leviete het uit die boek, uit die wet van God, voorgelees en dit uitgelê. Hulle het die betekenis weergegee sodat die mense kon verstaan wat gelees word.

Inleiding:
Die Bybel is dit op verskillende plekke eens dat dit van die grootste belang vir Christene is om gereeld saam met ander gelowiges saam te kom om God te aanbid en om sy Woord te hoor. Die bekendste oproep uit die Bybel hieroor staan in Heb. 10:25, "*Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar ons moet mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom*".

Dis belangrik om so saam te kom dat dit die Here tevrede stel…
Toegewyde Christene vind dit van die grootste belang om nie net saam te kom in die Naam van die Here nie, maar om dit op so 'n wyse te doen dat dit vir God aanneemlik sal wees. 'n Erediens is tog immers daar om God te eer en nie om mense te vermaak nie. Ons bied dit vir die Here aan en Hy het sekerlik baie spesifieke verwagtinge daarvoor. Jesus het immers gesê: "*Dit help niks dat hulle My probeer dien deur leerstellings van mense as gebooie van God voor te hou nie*." (Mat. 15:9). En Amos 5: 21-23 praat van 'n tyd toe God die erediens en aanbidding van Israel verwerp en gehaat het: "*Ek haat, Ek verafsku julle feeste, Ek het niks aan julle feestye nie. Al bring julle vir My brandoffers en graanoffers, dit is nie vir My aanneemlik nie, en Ek kyk nie eens na julle maaltydoffers van vetgevoerde kalwers nie. Gee pad voor My met die rumoer van jou gesing; Ek wil nie jou harpmusiek hoor nie*!" Daar is geen sin aan 'n erediens waarin God, aan wie die eer gebring word , kwaad gemaak word en aanstoot gegee word nie.

Mense wil graag vandag dink dat hulle eredienste "suksesvol" was omdat dit mense tevrede gestel het. Min is gewillig om te vra of dit vir die God wat aanbid en ge-eer word, aanneemlik is. **Natuurlik is die belangrikste van ons erediens wat vir God aanneemlik is, die hart en gesindheid waarmee gelowiges die Here dien**. Tog is daar meer as net ons gesindheid op die spel. Sedert die tyd van die Ou Testament, en ook in die tyd van die Nuwe Testamentiese kerk, het die profete en die apostels heelwat te sê gehad oor die manier waarop God se mense Hom aanbid. Paulus was baie streng met die Korintiërs oor hulle wanordelike aanbidding. Die Tora (Wet van Moses) het in die fynste besonderhede verduidelik hoe die mense in die Ou Testament te werk moes gaan om God in die erediens te eer. Die Profete bied aan ons 'n beeld van God wat soos 'n 'n magtige Koning in sy tempel en in die hemel teenwoordig is en aan ons 'n oudiënsie toestaan. Wie die grote Koning aanstoot gee, sal deur Hom gestraf word, sê die profete in die Ou Testament.

Hoe sal ons weet dat ons God so dien, dat Hy werklik vereer en geloof word? Natuurlik moet ons na alles wat die Bybel hieroor sê luister en ons aanbidding daaraan toets. Ons moet ook ons erediens meet aan geleenthede waarvan ons weet dat dit die Here tevrede gestel het. Een so 'n erediens word vir ons in Neh 8 opgeteken. Baie beginsels vir 'n God-aanneemlike erediens word daar weergegee.

Entoesiasme is vir God belangrik.
Neh 8: 2 sê dat die volk soos een man bymekaar gekom het. Almal was daar! Dit was nie maar net die paar wat lus was of so gevoel het nie, maar met passie vir die aanbidding van God en veral met 'n passie om die Woord van God te hoor, kon niks hulle daar weghou nie. Hulle hart was daarin! Hulle het met ywer en entoesiasme kom luister en kom aanbid.

Vers twee sê verder, hulle het vir Esra ***gevra*** om die Wetboek te bring! Hulle het die erediens aangevra. Hulle het nie vir die teoloog-priester, Esra, en sy kennis gevra nie. Dit was nie die dominee wat aangedring het daarop dat die Woord gelees en uitgelê moes word nie, maar dit was die mense van God wat nie daarsonder verder wou leef, terwyl hulle bewus was van hulle verantwoordelikhede teenoor God nie!

Ons vind teveel dat predikante en ouderlinge by mense moet soebat om die Here se Woord te kom aanhoor en om Hom te kom eer. Wat 'n soort eer aan God, is dit? Watter waarde het dit as ons advertensies, oorspronklike plannetjies en idees om mense te plesier so 'n klompie in die kerk kry? Hoe dink God daaroor? Hoe kan dit Hom wys dat sy mense Hom liefhet? Sal die Here nie van ons sê, as mense met so 'n gesindheid aanbid, soos Hy vir Maleagie gesê het nie: "*Julle dink die altaar van die Here kan maar ontwy word en die offers daarop met minagting behandel word. En dan sê julle nog* ***dis 'n klomp moeite en julle trek die neus daarvoor op****. Dit is wat die Here die Almagtige sê. Julle bring gesteelde, lam, siek diere, julle bring dit as offers! Moet Ek ingenome wees daarmee dat julle vir My sulke goed bring? vra die Here*". (Mal. 1:13). In teenstelling hiermee sê Dawid: "*Ek was bly toe hulle vir my gesê het: Kom ons gaan na die huis van die Here toe.*". (Ps. 122:1).

Eenheid in strewe om die Here tevrede te stel.
Die feit dat Neh 8: 2 dit duidelik stel dat Israel soos een man saam was, beklemtoon dat hulle een van hart en begeerte was om 'n gesamentlike doel te bereik: om tot eer van die Here na sy Woord te luister en Hom te aanbid. Paulus pleit ook by die gelowiges in Korintiërs: *"Ek doen 'n beroep op julle almal, broers, in die Naam van ons Here Jesus Christus, om eensgesind te wees. Daar moet geen verdeeldheid onder julle wees nie. Julle moet een wees in dieselfde gesindheid en met dieselfde oortuiging.*" (1 Kor. 1:10). 'n Gemeente wat soos een man wag op die Woord van die Here, sal nie sonder seën huis toe gaan nie.

Hulle het met aandag geluister.
Sommige Christene kom wel na die erediens toe. Selfs gereeld. Maar wanneer hulle daar is, dan luister hulle nie. Hulle lyk verveeld, gee nie aandag nie en verwag nie dat die Woord hulle lewe sal aanraak en verander nie. Miskien verwag hulle nie om God met hulle te hoor praat nie. *Wie die dominee verwag, sal waarskynlik die dominee kry, maar wie biddend op God wag, sal Hom deur sy Gees hoor!* Dié een om wie dit gaan, is immers die Koning van die konings en die Heer van die here. Wie kom om Hom te eer en na Hom te luister, sal met aandag luister. Neh 8:4 sê: "*Die aandag van die hele gemeente was by die wetboek.*" Dit sal ons help om te luister as ons onthou dat dit Gods Woord self is waarna ons luister en as beide prediker en luisteraar met so 'n gesindheid saamkom. Paulus sê: "*Ons dank God dan ook gedurig daarvoor dat julle die boodskap van God wat julle van ons gehoor het, ontvang en aangeneem het in die oortuiging dat dit nie mense-woorde is nie, maar die woord van God. En dit is ook inderdaad die woord van God, soos die uitwerking daarvan op julle wat glo, bewys*".(1 Tes. 2:13) en ook: "*Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo*" (Rom. 1:16).

Hulle was voorbereid:
Die erediens in Neh 8 was nie 'n impulsiewe daad en ondeurdagte gebeure nie. Daar is 'n platform vir Esra gebou om hom sigbaar en hoorbaar te maak. Die goewerneur en die Leviete was, soos Esra, voorbereid en goed georganiseerd om "sukses" te verseker. Die belangrikste was dat die harte van die gelowiges voorbereid en opgewonde was, om die Woord te hoor en daarop te reageer. Deeglike voorbereiding van beide prediker en hoorder is so belangrik! Elkeen het 'n verantwoordelikheid om seker te maak dat elkeen sal hoor en verstaan wat God vir ons wil sê. Die resultaat was: *Die Leviete het uit die boek, uit die wet van God, voorgelees en dit uitgelê. Hulle het die betekenis weergegee sodat die mense kon verstaan wat gelees word.* (Neh 8: 9).

Hulle het met groot eerbied en 'n gesindheid van aanbidding saamgekom.

‘n Gesindheid wat getuig van eerbied vir die hoë God spreek uit die luisteraars se lyftaal en gesindheid. Toe die Wetboek oopgemaak is, het hulle opgestaan. Later het hulle die hoofde gebuig en God aanbid. Hulle lyftaal wys duidelik wat die gesindheid van hulle hart is. Daar was by hulle geen onduidelikheid dat dit hier gegaan het oor die almagtige Koning van die Hemel en van die Skepping nie en dat Hy waardig is om ons eerbied, respek en aanbidding te ontvang. As ons begeer dat ons erediens vir die Here aanvaarbaar moet wees, dan eis die Here ook van ons dat ons sy grootheid, heiligheid en Goddelike eer nooit uit die oog mag verloor nie.
Dis maar net wanneer dit vir ons oor mense en hulle begeertes gaan, eerder as oor die Here, dat ‘n erediens sal ontaard in ‘n soort sirkus, gerig op vermaak en gewy daaraan om mense te plesier. God het vir Moses gesê: “*Wie 'n offer vir My bring, moet besef dat Ek heilig is; sy ontsag vir My moet vir die hele volk duidelik wees.*" (Lev. 10:3). En ons lees in die Nuwe Testament: "*Laat ons God dankbaar dien met eerbied en ontsag, soos Hy dit wil, want ons God is 'n verterende vuur.*” (Heb. 12:28).

Hulle was almal betrokke by die erediens:
Let daarop dat “om te aanbid” ‘n werkwoord is wat vra vir aktiewe deelname van ons kant. Dis iets wat elke aanbidder in die kerk doen. Elkeen moet hartlik saam sing (Kol. 3:16), met aandag luister na die gebede sodat ek opreg “Amen” daarop kan sê (1 Kor. 14:14-16), diep nadink oor en meeleef met die prediking van die Woord (Hand 17:11; 1 Tes. 2:13) en met gelowige verwagting die Nagmaal van die Here ontvang (1 Kor. 11:23-29). Die erediens in Neh 8 is ’n goeie voorbeeld van “luister en aanbid”, waarby elkeen betrokke is. Sommige sien hul rol by die erediens as ‘n passiewe een. Dis asof hulle eintlik maar kom kyk hoe ander aanbid in plaas daarvan om self te aanbid.

Wat was die gevolg van hulle samekoms en aanbidding?
Ons het nou gesien wat die eienskappe van hierdie byeenkoms was: entoesiasme, eenheid, gewilligheid om te luister, eerbied en respek en aktiewe deelname. Maar was daar enige sigbare uitkoms / resultate? Het hulle enkele ure van godsdienstige verpligtinge nagekom en toe huis toe gegaan sonder dat hulle lewe geraak is en verander het? Nee, dit was glad nie so nie!

1) Hulle het nou die wil van God verstaan.
Vers 9 bied een van die beste definisies van ‘n geslaagde preek: “*Die Leviete het uit die boek, uit die wet van God, voorgelees en dit uitgelê. Hulle het die betekenis weergegee sodat die mense kon verstaan wat gelees word.”* God se mense het verstaan wat Hy in sy Woord vir hulle wil sê (vers 13) en hulle was hartlik bly daaroor en het gejuig oor die wonder daarvan om God se Woord, sy wil vir hulle lewe, te kon hoor. Dis so jammer dat tienduisende mense op Sondae saamkom met groot verwagtinge en honger vir dit wat die Here wil sê en maar tevrede moet wees met die slimmigheid van mense en hulle pogings om vermaaklik te wees. Ware erediens-vreugde kom uit ’n ervaring dat God werklik aan die woord was.

2) Hulle was gehoorsaam aan dit wat hulle gehoor het.
Hoewel dit sal gebeur dat die mense van die Here sy Woord sal verstaan as dit deeglik uitgelê en relevant toegepas word, is dit nie genoeg nie. Die erediens bereik eers sy doel wanneer die wat kom aanbid het, ook daders van die Woord word. Jak 1: 22: “*Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself*”. ’n Erediens aanvaarbaar vir God, lei tot ’n gemeente wat doen wat die Woord sê.
Neh 8: 10 en 11: “*Moenie treurig wees nie, moenie huil nie. Dit was omdat die hele gemeente gehuil het by die aanhoor van die wet. Nehemia het verder gesê: Gaan vier fees, eet en drink, en deel uit aan dié wat niks voorberei het nie. Hierdie dag word gewy aan ons Here. Moenie bedroef wees nie; as julle die Here met blydskap dien, sal Hy julle beskerm.”* en vers 14: *“Die volgende dag het die familiehoofde van die hele gemeente en die priesters en Leviete by Esra die skrifgeleerde bymekaargekom om die inhoud van die wet te bestudeer.”* Hul gehoorsaamheid aan die Woord het ook ’n honger vir die Woord tot gevolg gehad.

Toepassing:

Die erediens is ‘n belangrike deel van God se plan vir Christene om te kan groei in Christus, sodat hulle lewe na die voorbeeld van Jesus sal verander. Dit is waarskynlik predikante en ouderlinge se heel grootste en belangrikste verantwoordelikheid, om toe te sien dat dit so gebeur.
Aanvaarding van ons erediens deur God vra onder andere van ons eenheid met die ander gelowiges, passie, eerbied en respek, gewilligheid om te luister, geestelike voorbereiding en betrokkenheid met ons hele hart en ’n gewilligheid om aan die Woord uitvoering te gee en met geestelike honger steeds meer en meer te wil leer! Bywoning van beide die erediens en Bybelstudie behoort tot gevolg te hê: (1) dat ek God se wil vir my beter verstaan, (2) ‘n vasbeslotenheid om gehoorsaam aan Hom te wees en (3) ‘n nuwe toewyding aan Jesus in my hart.
Dit is die Woord van die Here.
In die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees.
Amen.

Enige opmerkings of navrae oor dié preekskets kan gestuur word aan info@cpk.co.za